NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020

# EKONOMIE
# NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur | 300 punte

---

**Hierdie nasienriglyne is voorberei vir gebruik deur eksaminatore en subeksaminatore, wat almal 'n standaardisasievergadering moet bywoon ten einde te verseker dat die riglyne konsekwent geïnterpreteer en toegepas word in die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal nie enige gesprek of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Daar word besef dat daar baie verskillende sienings oor sommige kwessies van beklemtoning of besonderhede in die riglyne kan wees. Daar word ook besef dat sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardisasievergadering, daar verskillende interpretasies van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.**

---

IEB Copyright © 2020

## AFDELING A

## VRAAG 1

| | |
|---|---|
| 1.1 | B ✓✓ |
| 1.2 | D ✓✓ |
| 1.3 | C ✓✓ |
| 1.4 | C ✓✓ |
| 1.5 | C ✓✓ |
| 1.6 | D ✓✓ |
| 1.7 | C ✓✓ |
| 1.8 | A ✓✓ |
| 1.9 | A ✓✓ |
| 1.10 | D ✓✓ |
| 1.11 | A ✓✓✓ |
| 1.12 | B ✓✓✓ |
| 1.13 | A ✓✓✓ |
| 1.14 | B ✓✓✓ |
| 1.15 | A ✓✓✓ |
| 1.16 | C ✓✓✓ |
| 1.17 | D ✓✓✓ |
| 1.18 | D ✓✓✓ |
| 1.19 | A ✓✓✓ |
| 1.20 | D ✓✓✓ |

**50 punte**

IEB Copyright © 2020

## AFDELING B

## VRAAG 2 MAKRO-EKONOMIE

2.1 2.1.1 Bestedingsmetode ✓✓ (2)

2.1.2 A = 641 512 ✓
B = Verandering in voorraad ✓
C = Oorblywende item ✓
D = Uitvoere ✓
E = 937 740 ✓ (5)

2.1.3 **Formule en/of toepassing van die formule 2 punte, antwoord 2 punte**
3 144 539 – 3 119 984/3 119 984 × 100 ✓✓ = **0,79% of 0,8%** ✓✓ (4)

2.2 2.2.1 Beskryf 2 punte; Voorbeeld 1 punt
Die marginale geneigdheid om te verbruik is die deel van bykomende ✓ inkomste wat huishoudings aan verbruik sal spandeer. ✓ OF Die marginale geneigdheid om te verbruik weerspieël die gedeelte van enige ekstra ✓ inkomste wat ontvang is en wat bestee sal word. ✓ (maks. 2)

Byvoorbeeld, indien die mvg = 0,6 beteken dit dat die verbruiker 60% van ekstra inkomste sal bestee. ✓ OF Dit impliseer dat die verbruiker R60 van elke bykomende R100 wat ontvang is, sal bestee.✓ (maks. 1) (3)

2.2.2 **Formule en/of toepassing van die formule 1 punt, antwoord 2 punte**

Formule: $\frac{1}{1-\text{mvg}}$ ✓

$= \frac{1}{0.2}$

= 5 ✓✓ (3)

2.2.3 **Aanvanklike berekening 1 punt**
R20 miljoen – R4 miljoen = R16 miljoen ✓

**Formule en/of toepassing van die formule 1 punt, antwoord 2 punte**
Aanvanklike inspuiting × vermenigvuldiger = Totale styging in BBP ✓
R16 miljoen × 5 = **R80 miljoen** ✓✓

OF

$\frac{\text{Grootte/Waarde van inspuiting/s}}{1-\text{mvg}}$

$= \frac{16}{1-0.8}$

$= \frac{16}{0.2}$

= **R80 miljoen** ✓✓ (maks. 4 punte) (4)

2.3 2.3.1 Dit is van min nut vir besighede wat toekomstige veranderings in die sakesiklus verwag en daarvoor wil voorberei. ✓✓ (2)

2.3.2 **Verduideliking 4 punte; Nuttigheid 2 punte**

Leidende ekonomiese aanwysers is aanwysers wat verander voordat die ekonomie verander. ✓✓ Sloerende ekonomiese aanwysers verander nie van rigting tot na 'n paar kwartale nadat die ekonomie verander het nie. ✓✓ (maks. 4 punte)

Met die oog op beplanning en voorspelling is leidende aanwysers nuttiger as sloerende aanwysers. ✓✓ OF Leidende aanwysers is nie altyd akkuraat in die voorspelling van wat volgende gaan gebeur nie. ✓✓ (maks. 2 punte)

OF

Sloerende aanwysers verskaf waardevolle insig in strukturele probleme in die ekonomie. ✓✓ OF Hulle dien ook die nuttige doel om sakesiklusveranderings te bevestig. ✓✓ (maks. 2 punte) (6)

2.4 2.4.1 Die betalingsbalansrekening is 'n sistematiese rekord van alle ekonomiese transaksies tussen inwoners van 'n land en die res van die wêreld. ✓✓ OF Die betalingsbalans teken die waarde van 'n land se transaksies met die res van die wêreld aan.✓✓ (maks. 2 punte) (2)

2.4.2 **Formule en/of toepassing van die formule 2 punte, antwoord 2 punte**

Uitvoere van handelsware + Netto gouduitvoere – Invoere van handelsware ✓✓

1 175 547 + 71 678 – 1 222 944 = <u>24 281</u> ✓✓ (4)

2.4.3 Tekort ✓✓ Verandering in netto goud- en ander buitelandse reserwes wat verminder/negatief. ✓✓ (4)

2.4.4 **Noem 3 × 1 = 3 punte; Verduideliking 3 × 2 = 6 punte; Voorstel 1 × 2 = 2 punte**

Direkte beleggings (DB) ✓ – sluit transaksies in wat met beleggings van besighede verband hou met die doel om 'n sinvolle aandeel (10% plus) of beheer van so 'n besigheid te bekom. ✓✓
OF Vloei van geld wat gebruik word om hulpbronne te koop in die vorm van bestaande maatskappye of om nuwe maatskappye te begin ✓✓ (maks. 3 punte)

Portefeuljebeleggings ✓ – Portefeuljebelegging is belegging in finansiële bates. Portefeuljebelegging verwys na die koop van bates soos aandele of effekte tussen buitelanders en Suid-Afrikaners. ✓✓
Die motief van portefeuljebelegging is korttermyn finansiële wins. ✓✓
OF Die vloei van geld tussen lande waar geld gebruik word om aandele te koop wat op daardie land se aandelemark genoteer is. ✓✓(maks. 3 punte)

Warmgeld of ander belegging ✓ – verwys na vloei van geld in en uit lande, aangesien beleggers probeer om die hoogste opbrengskoers te kry ✓✓ OF Bestaan uit vloei van geld soos deposito's, lenings of valutabelegging. ✓✓ Hierdie vloei is onbestendig. (maks. 3 punte)

**Voorstel:** (maks. 2 punte)
Om buitelandse belegging in Suid-Afrika aan te moedig, veral direkte belegging in die vorm van ekwiteitseienaarskap en -deelname. ✓✓
Enige verbetering in die doeltreffendheid van die binnelandse ekonomie sodat ons produkte meer mededingend kan wees en dus uitvoere verhoog. ✓✓
Om uitvoere te bevorder. ✓✓
Om invoere te verminder deur invoerplaasvervangerbeleide asook invoertariewe. ✓✓
Politieke stabiliteit om stabiliteit in die ekonomie aan te moedig om groei te bevorder. ✓✓
Sterker streeks- ekonomiese samewerking en handelsooreenkomste. ✓✓
Gee aandag aan tekortkominge van agteruitgaande ondernemings in staatsbesit om vertroue in die ekonomie te verhoog. ✓✓
Enige redelike antwoord.
Moet op punt uitbrei om die volle 2 punte te kry. (maks. 11 punte) (11)

**[50]**

## VRAAG 3 MIKRO-EKONOMIE

3.1 3.1.1 A = 10 ✓
B = 9 ✓
C = 22 ✓
D = 30 ✓ (4)

3.1.2 By Hoeveelheid 6, ✓✓ MR = MC ✓✓ OF die verskil tussen TR en TC is die grootste. ✓✓ (maks. 4) (4)

3.2 **Per bespreekingspunt: Verduideliking 3 × 2 punte, met minstens 2 van hierdie punte vir die regering se respons.**

**Eksternaliteite**
Is ekonomiese newe-effekte wat 'n onbetrokke derde party affekteer, iemand wat nie direk by die produksie betrokke is nie. ✓✓
Eksternaliteite kan positief of negatief wees. Byvoorbeeld, die bou van 'n nuwe snelweg kan 'n positiewe invloed op die mense in die omgewing hê omdat hulle nou vinniger by die werk kan kom, maar vir ander kan dit die waarde van eiendom verminder weens die geraas en besoedeling. ✓✓
*Belasting, subsidies en regulasies is die algemeenste maniere waarop die regering besluit om eksternaliteite te hanteer.* ✓✓ (maks. 6 punte)

**Meriete-/nie-merietegoedere**
Merietegoedere is produkte en dienste wat die samelewing dink deur sy burgers gebruik moet word, bv. gesondheidsorg en onderwys. ✓✓
Merietegoedere word onderproduseer en onderverbruik onder toestande van volmaakte mededinging. ✓✓
Nie-merietegoedere is goedere wat die samelewing van mening is burgers nie moet gebruik nie, bv. Suid-Afrikaners mag nie soveel gewere soos hulle wil, besit nie. ✓✓
Nie-merietegoedere word oorproduseer en oorverbruik. ✓✓
Dus, ondertoewysing van hulpbronne aan merietegoedere en oortoewysing van hulpbronne aan nie-merietegoedere. ✓✓ *Die regering kan merietegoedere verskaf of die produksie van merietegoedere subsidieer, bv. staatsubsidie vir onderwys.* ✓✓ *Die regering gebruik regulasies om die produksie en verbruik van sommige nie-merietegoedere te verbied, bv. geweerlisensies.* ✓✓ (maks. 6 punte)

**Openbare goedere**
Die hoofkenmerk is nie-uitsluitbaarheid. Dit beteken dat indien die produk of diens vir een verbruiker geproduseer word, kan geen ander verbruiker verhoed word om dit te gebruik nie, bv. straatligte, weermag. Dus sal mense wag en kyk of iemand anders daarvoor betaal en dan net voortgaan en dit gebruik. ✓✓
Openbare goedere word ondergeproduseer deur die markstelsel. Te min verbruikers is bereid om vir die produk te betaal, sal eerder meelopers wees. ✓✓
Daarom is daar ondertoewysing van hulpbronne aan die produksie van openbare goedere en die mark misluk. ✓✓
*Om dit te oorkom, verskaf die regering openbare goedere en betaal daarvoor deur belasting te verhoog.* ✓✓ (maks. 6 punte)

**Onvolmaakte mededinging**

Monopolieë en oligopolieë beperk aanbod ten einde wins te maksimeer. Hulpbronne word dus ondertoegewys aan die produksie van goedere en dienste wat onder toestande van onvolmaakte mededinging geproduseer word. ✓✓
*Een opsie vir die regering is om niks hieroor te doen nie en te vertrou dat groot wins mededingers na die mark sal lok.* ✓✓
*Kan deur mededingingsbeleid reguleer.* ✓✓ (maks. 6 punte)

**Onvolmaakte inligting**

Onder toestande van volmaakte mededinging word aangeneem dat verbruikers en produsente toegang tot al die inligting het, wat nodig is om hulle in staat te stel om die mees ingeligte besluite oor produksie en verbruik te neem. ✓✓
In die werklike wêreld is daar asimmetriese inligting, bv. verkoper van 'n gebruikte motor het meer inligting oor die motor as die koper. ✓✓
In sommige markte het die produsent inligting oor hul produkte wat hulle nie aan kopers beskikbaar stel nie, bv. in die sigaretbedryf. ✓✓
Onder hierdie toestande word sigarette oorproduseer en oorverbruik en word toewysende doeltreffendheid oor die algemeen nie bereik nie. ✓✓
*Die regering kan firmas dwing om inligting oor hul produkte bekend te maak, bv. gevaar om sigarette te rook.* ✓✓ (maks. 6 punte)

**Ongelyke verdeling van inkomste**

Dit word veroorsaak deur die feit dat sommige mense met ryk ouers gebore word en toegang tot 'n goeie opvoeding het en ander nie. ✓✓ Daarom verskil mense wat hul vaardigheidsvlakke en hul vermoë om uitsette te lewer, betref. ✓✓ Ongelyke inkomsteverdeling word beskou as 'n markmislukking. Die mark slaag daarom nie om te verseker dat almal gelyke toegang tot die uitset van die ekonomie kry nie. ✓✓ Te veel van die hulpbronne word gebruik om uitsette vir die rykes te produseer en te min vir die armes. In die Suid-Afrikaanse ekonomie is 'n paar mense baie welaf terwyl 50% van die bevolking in armoede lewe. *Die Suid-Afrikaanse regering lê progressiewe belasting op, d.i. hoe meer 'n mens verdien hoe meer belasting betaal mens*. ✓✓ Ook minimum lone. (maks. 6 punte)

**Immobiliteit van produksiefaktore**

Onder toestande van volmaakte mededinging word aangeneem die produksiefaktore is volmaak mobiel. In die werklike wêreld is produksiefaktore egter nie vry om van een gebied na 'n ander te beweeg nie. ✓✓ Kapitaal is vas. Dit is nie maklik om fabrieke en masjinerie te skuif nie. ✓✓ Die regering het dikwels streng beheermaatreëls vir die beweging van arbeid tussen lande. As gevolg van die immobiliteit van produksiefaktore word die ekonomie se vermoë om uitset te lewer, verminder. ✓✓ *Die regering kan opleidingskemas bekendstel om te verseker dat ongeskoolde mense vaardighede kan ontwikkel. Die regering kan vervoer subsidieer sodat werkers van landelike gebiede na die dorpe toe kan gaan om te werk.* ✓✓ (maks. 6 punte)

**Aanvaar enige ander relevante oorsaak van markmislukking en die aanbevole regeringsoptrede.** (maks. 12) (12)

3.3 3.3.1 'n Monopolie is 'n markstruktuur waarin daar net een verkoper is. ✓✓ (2)

3.3.2 **Aard van die produk**
Die produk of diens is uniek en het geen naby plaasvervangers nie. ✓✓
DStv se aanbieding is uniek wat satelliettelevisie betref met sy uitgebreide verskeidenheid kanale en sportuitsaairegte. ✓✓

**Toegang/toetrede tot die mark**
Toetrede tot die mark is heeltemal geblokkeer wens wette, eienaarskap van 'n hulpbron, ens. ✓✓
Satelliettelevisie word deur wette en lisensies beheer. ✓✓

**Maatskappy se beheer oor die prys van die produk**
Beduidende beheer, maar kan nie net enige prys vra nie ✓✓ OF prysmaker. ✓✓
Weens beperkte direkte mededinging het DStv aansienlike beheer oor sy prys. ✓✓ (maks. 4)

**Beskikbaarheid van markkennis**
Die monopolis het volmaakte kennis/kopers het onvolmaakte kennis. ✓✓
Dit is waar in die geval van DStv, aangesien verbruikers onvolmaakte inligting het. ✓✓


Aanvaar enige ander redelike antwoord wat vir of teen die kenmerke van die markstruktuur redeneer. (maks. 16) (16)

3.3.3 Laer pryse vir verbruikers. ✓
Verbeterings in gehalte. ✓
Wye keuse. ✓
Lei tot groter doeltreffendheid. ✓ (maks. 2) (2)

3.3.4 Die kruispryselastisiteit sal positief wees. ✓✓
Aanlyn stroming en DStv kan as plaasvervangers beskou word. ✓✓ (4)

IEB Copyright © 2020 

3.3.5




***Puntetoekenning:***

Skuif in vraagkromme op en na regs. ✓✓

Dui die styging in prys aan ✓ en styging in hoeveelheid. ✓

Korrekte benoeming van asse ✓ en krommes. ✓ (6)

**[50]**

## VRAAG 4 KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

4.1 4.1.1 Ekonomiese groei: 'n Styging in die produktiewe vermoë van 'n ekonomie van een tydperk na die volgende ✓✓ OF styging in reële BBP. ✓✓ (maks. 2)
Ekonomiese ontwikkeling. Die proses wat nodig is om 'n aansienlike verbetering in die algemene lewenstandaard van die meerderheid van die bevolking teweeg te bring of hoë werkloosheid of styging in BBP per capita. ✓✓ OF Ekonomiese ontwikkeling is 'n breër konsep as ekonomiese groei. Dit gaan oor menslike ontwikkeling en handel oor kwessies soos onderwys en gesondheid of die styging in die algemene lewenstandaard van die meerderheid van die bevolking in 'n land. ✓✓ (maks. 2) (4)

4.1.2 Chili ✓✓ (2)

4.1.3 Indonesië ✓✓ (2)

4.1.4 BBP per capita ✓
Lewensverwagting by geboorte ✓
Geletterdheidskoers ✓ (verwagte jare van opleiding vir kinders en gemiddelde jare vir volwassenes) (maks. 2) (2)

4.1.5 Chili en Ekwatoriaal-Guinee het dieselfde BBP per capita, maar Chili se MOI is hoër, wat te kenne gee dat gesondheidsorg en/of onderwys beter in Chili is. ✓✓
Gaboen en Indonesië het dieselfde MOI, maar Gaboen se BBP per capita is hoër as Indonesië s'n, wat te kenne gee dat Indonesië se gesondheidsorg en/of onderwys beter as Gaboen s'n is. ✓✓
Aanvaar enige ander redelike antwoord. (maks. 4) (4)

4.2 4.2.1 Die gaping in inkomste/welvaart tussen een groep en 'n ander. ✓✓ (2)

4.2.2 Enige TWEE ontwikkelende lande 2 × 1 = 2.

Ethiopië, ✓ Niger, ✓ Indië, ✓ Tanzanië, ✓ Rusland, ✓ China, ✓ Zimbabwe, ✓ Kameroen, ✓ Brasilië, ✓ Suid-Afrika ✓ (maks. 2)

Enige TWEE ontwikkelde lande 2 × 1 = 2:
Noorweë, ✓ Switserland, ✓ Verenigde Koninkryk ✓ Verenigde State ✓ (maks. 2) (4)

4.2.3 Die Gini-koëffisiënt is die meting van inkomste-ongelykheid, wat strek van 0 tot 1. 0 is 'n volmaakte gelyke samelewing en 'n waarde van 1 verteenwoordig 'n volmaakte ongelyke samelewing. ✓✓ Van al die lande wat in die kaart gelys is, het Suid-Afrika die hoogste inkomste-ongelykheid/swakste Gini-koëffisiënt. ✓✓ (4)

4.2.4 **Optrede, bv. om direkte belasting te verhoog en indirekte belasting te verlaag.**
**2 × 1 punt Verduideliking 2 × 2 punte**

Om die boonste marginale inkomstebelastingkoers te verhoog ✓ verseker dat diegene met hoër inkomste meer belasting as diegene met laer inkomste betaal, wat inkomste-ongelykheid verminder. ✓✓

IEB Copyright © 2020 

Om die koers van indirekte belasting te verminder ✓ soos die goedere- en diensbelasting sal inkomste-ongelykheid verbeter, aangesien diegene op laer inkomste geneig is om meer te betaal en gevolglik 'n groter gedeelte van hul inkomste aan belasting betaal. ✓✓

Aanvaar enige ander redelike antwoorde, byvoorbeeld:


Om kapitaalwins- (of welvaart-) belasting te verhoog
Progressiewe/regressiewe belasting
Maak inkomstebelastingstelsel meer progressief (laer rentekoerse op laer inkomste)
Maatskappybelastingvermindering wat meer werk skep (maks. 6) (6)

4.3 4.3.1 7 280 000 ✓✓ (13% van 56 000 000) (2)

4.3.2 R70 000 na R500 000 ✓✓ (2)

4.3.3 Suid-Afrika se inkomstebelastingstelsel is progressief. ✓✓
Met 'n progressiewe belastingstelsel styg die marginale belastingkoers wanneer inkomste styg, d.i. wanneer mense meer inkomste verdien, gaan die belastingkoers op elke ekstra rand wat verdien word op. ✓✓ (4)

4.3.4




***Puntetoekenning: Grafiek 4 punte, Verduideliking van grafiek 2 punte***
Teken en benoeming van die Laffer-kromme. ✓✓
Korrekte benoeming van asse. ✓✓
Die Laffer-krommekonsep gee te kenne dat 'n belasting-koersverlaging tot 'n styging in belastinginkomste kan lei, of 'n afname in belastinginkomste, afhangende of jy reeds die "optimale belastingkoers" verbygesteek het. ✓✓

***Ontleding 6 punte* (3 × 2 = 6)**
Mense hou op werk as belasting te hoog is. ✓✓
Mense probeer belasting vermy/ontduik ✓✓
Verlaat land om werk elders te soek. ✓✓
Enige ander redelike antwoord (maks. 12) (12)
**[50]**

## VRAAG 5 GEMENGDE VRAE

5.1 5.1.1 Invoertarief/-tariewe: Dit is aksyns of belasting wat op ingevoerde produkte deur die regering opgelê word. ✓✓
Invoerkwotas: Die regering beperk die hoeveelheid goedere of dienste wat na die land ingevoer kan word. ✓✓ (4)

5.1.2 **[Relevante rede geïdentifiseer (2); Verduideliking (2)] × 3**

**Beskerming van spesifieke nywerhede/jong nywerhede:** ✓✓
Nuutgevestigde nywerhede vind dit baie moeilik om met die goedkoper produksiekoste van lang gevestigde firmas mee te ding. ✓✓
Hulle word ook soms aan dumping blootgestel wanneer ander lande goedere onder kosprys verkoop. ✓✓
Ouer nywerhede wat sukkel om mee te ding, kan ook beskerm word. ✓✓ (Maks. 4)

**Werkverskaffing:** ✓✓
Die beskerming van plaaslike nywerhede is 'n belangrike meganisme om poste in 'n land te beskerm. Hou plaaslike produsente aan die gang deur mededinging uit te skakel en sodoende poste te bewaar. ✓✓
Daar word geredeneer dat indien plaaslike nywerhede nie beskerm word nie, hulle nie sal kan meeding nie, met die gevolglike verlies van noodsaaklike poste. ✓✓ (Maks. 4)


**Voorkoming van dumping:** ✓✓
Dumping vind plaas wanneer goedere op buitelandse markte onder kosprys in die oorspronklike land verkoop word. ✓✓
Ingevoerde goedkoop goedere kan rampspoedig vir plaaslike mededingers en plaaslike werksgeleenthede wees. ✓✓
Soms is hierdie ingevoerde goedkoop goedere van 'n minderwaardige gehalte. ✓✓ (Maks. 4)

**Moedig ekonomiese groei aan.** ✓✓
Hoe meer plaaslike produksie daar is, hoe meer poste word geskep. Dit lei tot hoër vraag en besteding. ✓✓ (Maks. 4)
Enige ander redelike antwoord. (maks. 12 punte) (12)

5.2 5.2.1 Die Nasionale Minimum Loon is die minimum betaling per uur/per dag waarop werkers regtens geregtig is. ✓✓ (2)

5.2.2 Congress of South African Trade Unions ✓✓ (2)

5.2.3




Minimum loon duidelik aangedui. ✓✓ (een punt vir aanduiding van minimum loon se lyn)
Korrekte benoeming van asse ✓ en krommes. ✓
Dui werkloosheid op die grafiek aan. ✓✓ (6)

5.2.4 **Voordele maks. 2; Nadele maks. 2; Evaluasie maks. 4**

**Voordele**

- Hoër lone verhoog inkomste en sal waarskynlik hoër verbruikerbesteding veroorsaak. ✓✓
- 'n Styging sal mense wat die minimum loon verdien 'n geleentheid gee om hul lewenstandaard te verbeter / by te hou met prysinflasie. ✓✓
- Verhoogde lone en besteding verhoog vraag en skep meer werk. ✓✓
- Laer werkloosheid en hoër lone verhoog belastinginkomste. ✓✓
- Wanneer werkers hoër lone verdien, maak hulle minder staat op die regering se "veiligheidsnet" -programme. ✓✓ (Maks. 2)

**Nadele**

- 'n Styging in die minimum loon sal die loonrekening/firmas se koste/produksiekoste verhoog, aangesien hulle hul werknemers meer sal moet betaal. ✓✓
- Firmas sal dus hul verkoopsprys verhoog om winsgewend-heid/oorlewing te verseker. ✓✓
- Om die minimum loon te verhoog, kan egter tot werkloosheid lei en dit kan armoedevlakke verhoog. ✓✓
- In arbeidintensiewe nywerhede, bv. landbou/mynwese, waar arbeid 'n belangrike kostefaktor is, sal 'n verhoging van die Nasionale Minimum Loon beslis hul koste verhoog en winsgewendheid/mededingendheid verminder. ✓✓ (Maks. 2)

**Evaluasie:**

- Dit hang af hoe groot die styging is. ✓✓ Om enige sinvolle verskil aan besteding/lewenstandaard te maak, moet dit met 'n aansienlike bedrag styg. ✓✓
- Indien besighede die verhoogde koste aan verbruikers deurgee, ✓✓ sal dit die lewenskoste verhoog en 'n behoefte aan verdere minimum loon verhogings laat ontstaan. ✓✓

- Dit hang van die individuele firma af ✓✓ – sommige firmas kan besluit om winsgrense te verlaag, terwyl ander na maniere soek om die werksmag te verminder deur afleggings, oortollighede, ens. ✓✓
- Die uitwerking op relatiewe armoede is nie duidelik afgebaken nie. ✓✓ Die armste dele van die samelewing is geneig om sonder werk te wees en staatshulp te ontvang. Hulle word nie deur 'n nasionale minimum loon geraak nie. ✓✓
- Indien loonverhogings gepaard gaan met 'n styging in produktiwiteit ✓✓ kan dit beteken dat die firma se koste laer is vanweë skaalbesparings. ✓✓ (maks. 4) (8)

5.3 5.3.1 Stats SA ✓✓ (2)

5.3.2 Die VPI verteenwoordig die koste van die "inkopiemandjie" van goedere en dienste van 'n tipiese of gemiddelde Suid-Afrikaanse huishouding. ✓✓
Elke produk of diens is "geweeg" om sy relatiewe belangrikheid in die mandjie aan te dui. ✓✓ (4)

5.3.3 **Noem 2 × 1 punt Verduideliking 4 × 2 punte**

Vraaginflasie ✓
Dit vind plaas wanneer die vraag in die ekonomie vinniger styg as aanbod, wat tot prysstygings lei. ✓✓
Voorbeelde:
Ekspansionistiese monetêre en fiskale beleid lei tot verbruikers wat meer bestee. Hierdie beleide sluit laer rentekoerse en laer belasting in. ✓✓
Krediet wat makliker beskikbaar is, sal ook veroorsaak dat vraag styg. ✓✓
Oormatige staatsbesteding kan ook tot vraaginflasie lei. ✓✓ (maks. 5)

Koste-inflasie ✓
Dit is wanneer produksiekoste styg, wat tot hoër pryse lei. ✓✓
Voorbeelde:
Hoër lone en salarisse, ✓✓ afname in produktiwiteit, ✓✓ depresiasie van die wisselkoers ✓✓ en natuurrampe wat voedselpryse verhoog, veroorsaak styging in koste. ✓✓
Verhoog insetkoste, voorraadskokke soos 'n styging in die prys van olie of elektrisiteit het 'n kettingreaksie wat die prys van ander goedereverhoog. ✓✓ (maks. 5) (10)

**[50]**

**200 punte**

IEB Copyright © 2020 


## AFDELING C

## VRAAG 6 DATA-RESPONS

6.1 6.1.1 Suid-Afrikaanse Reserwebank ✓✓ (2)

6.1.2 Ekspansionisties ✓✓
Die SARB het die terugkoopkoers met 25 basispunte verlaag in 'n poging op die ekonomie te stimuleer. ✓✓ (4)

6.1.3




***Puntetoekenning: Diagram (6 punte)***
Skuif in totale vraagkromme op en na regs. ✓✓
Dui styging in prysvlak aan ✓ en styging in Reële BBP/Nasionale Inkomste. ✓
Korrekte benoeming van asse ✓ en krommes. ✓

***Verduideliking van hoe monetêre beleid die ekonomie 'n hupstoot kan gee (6 punte*)**

Ekspansionistiese monetêre beleid. ✓✓
Rentekoerse kan verlaag word. ✓✓ Dit sal tot 'n styging in verbruik lei, aangesien verbruikers meer besteebare inkomste sal hê wat algehele vraag/ekonomiese aktiwiteit sal verhoog. ✓✓
Laer rentekoerse kan die aansporing om te spaar verminder en besteding aanmoedig. ✓✓
Laer rentekoerse kan die aantal firmas wat belê verhoog wanneer die koste om te leen verminder en dit ekonomiese aktiwiteit stimuleer. ✓✓
Oopmarktransaksies. ✓✓ Wanneer die Reserwebank effekte koop, word geld in sirkulasie ingespuit wat ekonomiese groei stimuleer. ✓✓
Die minimum reserwevereiste kan verlaag word. Daarom sal banke meer geld kan uitleen wat besteding sal verhoog en tot styging in ekonomiese groei lei. ✓✓
Enige ander redelike antwoord. (maks. 12) (12)

6.2 6.2.1 Dit is belasting op die koop van plastiese inkopiesakke/plastieksakke. ✓✓ (2)

6.2.2 Wanneer 'n verbruiker 'n plastieksak gebruik, lê dit 'n koste op ander mense in die samelewing op, wat die verbruiker nie in aanmerking neem nie, ✓✓ d.i. hierdie koste word nie in die prys wat hulle vir die sak betaal, weerspieël nie. ✓✓ Hierdie koste op ander mense in die samelewing sluit die uitwerking van rommelstrooi, die gebrek aan biodegradeerbaarheid in grondopvullingsterreine en oseaan-besoedeling in. ✓✓ In hierdie situasie is die volle voordeel aan die samelewing van 'n verbruiker wat 'n plastieksak gebruik minder as die private voordeel wat die verbruiker ontvang. ✓✓ (maks. 4) (4)

6.2.3 Elasties
Daar is 'n groot aantal plaasvervangerprodukte ✓✓ en daarom sal mense die waarde om 'n herwinbare sak te koop, besef al sou die prys van die plastieksak steeds ongelooflik laag wees.

Onelasties
Die heffing is so 'n klein deel/persentasie van 'n persoon se inkomste, mens kan verwag dat vraag relatief prysonelasties sal wees. ✓✓ (4)

6.2.4 **Noem 1 × 2 Verduidelik 2 × 2**

**Styging in werkloosheid** ✓
Met ongeveer 60 000 mense wat in die plastiek- en verpakkings-nywerheid werk, sal werkloosheid styg. ✓✓

**Daling in staatsinkomste** ✓
Dit is 'n klein, maar betroubare geldmaker vir die Nasionale Tesourie, wat weggeneem of verlaag sal word. ✓✓
Enige ander redelike antwoord (maks. 6) (6)

6.3 6.3.1 Dit word as 'n slak uitgebeeld ✓ weens sy stadige beweging/geen werklike vordering nie/dit groei teen 'n slakkepas. ✓ (2)

6.3.2 Staatskaping – wantoewysing van staatshulpbronne beperk groei/ verhoed die ekonomie om te groei/stel persoonlike gewin bo die belange van ander. ✓✓

Dalende inkomste-invordering – lei tot swak dienslewering wat lewenstandaard en infrastruktuur beïnvloed.
Dit lei ook tot 'n styging in die begrotingstekort wat staatsbesteding beperk. ✓✓

Stygende skuldkoste – meer geld wat aan diensskuld betaal word, wat gebruik kon word om ekonomiese toestande en ekonomiese groei te verbeter. ✓✓

Dalende ekonomiese groei – dit beïnvloed so baie aspekte van die ekonomie en plaas druk op belastingbetalers, skrik buitelandse beleggers af, ens. ✓✓
Enige ander redelike antwoord (maks. 6) (6)

IEB Copyright © 2020 

6.4 6.4.1 Positiewe ekonomiese groei ✓

Betalingsbalansewewig/surplus/wisselkoersstabiliteit ✓
Lae werkloosheid of volle indiensneming ✓
Gelyke/billike inkomsteverdeling ✓
Lae inflasie of prysstabiliteit of 3% tot 6% ✓
(maks. 4 punte) (4)

6.4.2 Ja, die regering moet bekommerd wees. Inflasie is aan die bopunt van die teikengrens. ✓✓ Ekonomiese groeikoers bly laag. ✓✓

OF

Nee, die regering hoef nie bekommerd te wees nie. Die inflasiekoers is binne die teikengrens (3–6%). ✓✓ Alhoewel laag, is daar 'n mate van groei. ✓✓ (maks. 4) (4)

**50 punte**

**Totaal: 300 punte**

IEB Copyright © 2020